



UNIVERSITEIT  
iYUNIVESITHI  
STELLENBOSCH  
UNIVERSITY



*forward together · saam vorentoe · masiye phambili*

## Geleenthede en lokaalbesprekings

Personeel en studente van die Universiteit Stellenbosch (US) moet kennis neem dat besprekings vir funksies en geleenthede – insluitende werksessies, kortkursusse, opleidingsessies, sportgeleenthede en personeelbyeenkomste – nou toegelaat sal word.

Hoewel die land se risikvlak na vlak 1 aangepas is, sal sosiale afstandskewing in die komende maande 'n belangrike riglyn bly. 'n Aandklokkeel geld ook steeds van middernag tot 04:00 in die oggend. Lokale mag slegs vir tot 50 persent van die lokaal se kapasiteit tot 'n maksimum van 250 mense vir binnenshuise lokale en 500 vir buitelig-lokale bespreek word.

Besprekings vir funksies en geleenthede mag oorweeg word indien dit aan die voorwaardes van die Wet op Rampbestuur se regulasies vir risikvlak 1 voldoen en dit kriteria soos deur die Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) hieronder uiteengesit, volg:

- Oortuigende redes waarom 'n aanlyn-vergadering, -konferensie of -geleentheid nie haalbaar is nie of oortuigende redes waarom dit nodig is om 'n vergadering, konferensie of geleentheid in persoon te hou;
- Die institusionele waarde van die vergadering, konferensie of geleentheid of van die beskikbaarstelling van die lokaal;
- Die gesondheidsrisiko's verbonde aan die aanbied van 'n vergadering, konferensie, geleentheid of die beskikbaarstelling van 'n US-lokaal;
- Die vermoë en kapasiteit om die inherente gesondheids- en geassosieerde risiko's te beperk;
- Die samestelling van die mense wat uitgenooi sal word na die vergadering, konferensie of geleentheid, wat onder meer hul ouderdom en enige onderliggende siektetoestande insluit;
- Die kapasiteit en vermoë van die lokaal om die vergadering, konferensie of geleentheid aan te bied terwyl hulle aan die regulasies en spesifieke voorskrifte voldoen;
- Botsende gebruik, byvoorbeeld fakulteite wat die lokale vir akademiese doeleindes benodig teenoor sosiale/kulturele geleenthede aangebied deur fakulteite, ander US-eenhede of derde partye.
- Lewering van 'n gedetailleerde plan wat ooreenstem met die toepaslike regulasies en voorskrifte en wat deur die hoof van die verantwoordelike sentrum in samewerking met die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede goedgekeur is.  
Planne moet lank genoeg voor die geleentheid sal plaasvind, ingedien word.

Alle versoeke vir konferensies, geleenthede en groot vergaderings, tesame met die dokumente hieronder genoem, moet aan die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede voorgelê word alvorens die lokaal bespreek word. Stuur versoeke en die vereiste ondersteunende dokumente aan:

[neliai@sun.ac.za](mailto:neliai@sun.ac.za).

- 'n Versoek wat ten volle gemotiveerd is;
- Redes waarom 'n kontakgeleentheid gehou moet word;

- Kapasiteit van die lokaal;
- Gedetailleerde werksplan wat gesondheidsmaatreëls vir persone ouer as 60 en/of met onderliggende toestande insluit; en
- Goedkeuring en ondersteuning van die toepaslike verantwoordelikhedsentrum se hoof.

SunCom, waaronder die Sentrale Geleentheids- en Konferensiekantoor (CECO) val, is deel van die bedryfstroom vir Kampuswerkzaamhede en sal in alle waarskynlikheid die versoek indien.

Hoewel dit wetlik toelaatbaar is om verskeie aktiwiteite te beplan en uit te voer, geboue oop te stel en geriewe beskikbaar te stel, bly daar steeds 'n inherente risiko daaraan verbonde om aktiwiteite te gou oop te stel, aangesien dit 'n negatiewe uitwerking op infeksievlakke kan hê. Dit bly ons basiese uitgangspunt dat diegene wat kan, van die huis af moet werk, of om dit anders te stel: Waar aktiwiteite dit toelaat, dit eerder aanlyn gedoen moet word as om persoonlike vergaderings of ander soortgelyk "byeenkomste" te hou. Dit bly die US se etiese verantwoordelikheid om in die beste belang van die Universiteit se personeel, die breër gemeenskap en met sosiale solidariteit op te tree.

*17 September 2020*